# Wawiel

Jaargang 35 Vol. 4



# Wapadrand

# INHOUD

INHOUD …..…………………………………..…….. BL 2
STILTETYD…………………………………...… BL 3
BESTUURSLEDE ……………………….…….. BL 4
REDAKSIONEEL ……………………….……… BL 5
UIT DIE VOORSITTER SE PEN ……………… BL 6
SENIOR BURGERS …………………………… BL 7
JEUG ……………………………………………….. BL 8
KWARTAALKAMPE ……………………………. BL 9
BELANGRIKE INLIGTING—SITRUSFEES BL 12
DESEMBER VAKANSIE BL 13
LIEF EN LEED ………………….……...…. BL 19
VERJAARSDAE & HUWELIKHERDENKINGS BL 20
WOORDSOEK …………………………………. BL 22
RESEPTE ……………………………………….. BL 23
JAARPROGRAM………………………………… BL 24

# STILTETYD

## *SPORE VAN HOOP*

Die skrywer Pieter Schreiber het hierdie stiltetydboodskap eintlik bedoel vir die einde van 'n jaar.  Maar ek wil dit tog deurgee aangesien baie van ons deur die jaar moeg is en nie net aan die einde van elke jaar nie.

"Ek is moeg Here.  Dit is daardie tyd van die jaar, waar ons uitbranding ervaar.  Dit was 'n rowwe jaar.  Ek sug hard en sê ek is moeg Here, moeg vasgebyt, moeg van sterk wees, moeg vir die pyn en seer, moeg om te baklei vir oorlewing. Hou my vas Here, hou my stewig ge-anker teen die storms van die lewe.

Die Here Antwoord my met Jesaja 40:29-30.  "Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie.  Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag.  Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie".

*(Dankie Janetta vir die bydrae van hierdie stukkie).*

## Die 2024/2025 BESTUUR

.

VOORSITTER REINARDT V RENSBURG
reilynn@vodamail.co.za Sel: 082 332 7217



ONDERVOORSITTER ANDY TOERIEN
toeriena@vodamail.co.za Sel: 082 256 5044



SEKRETARESSE JANETTA TOERIEN
Wapadrand.sek@sawa.org.za
janettattoerien@gmail.com Sel: 082 325 5634



PENNINGMEESTER LYNETTE V RENSBURG
lynettevanrensburg3@gmail.com
Sel: 082 068 6517



ADDISIONELE LID DALEEN PIENAAR
pienaars@netactive.co.za Sel : 082 848 7478



ADDISIONELE LID GERALDINE MüLLER
NUUSBRIEFREDAKTEUR
muller.sj@outlook.com Sel: 083 490 3588



# REDAKSIONEEL

Ons ís nou al in die nuwe jaar  en twee maande is al amper verstreke.

Wie van julle het nuwejaarsvoornemens gehad?  Wie van julle hou nog daarby?   Ons begin altyd met ‘n “bang” in die nuwe jaar maar later taan dit en vergeet ons wat ons voor-nemens was.

Ek vertrou dat jul almal ‘n lekker vakansie gehad het – uitgerus en reg vir die nuwe jaar.  Dankie aan diegene wat hul vakansie-ervarings met ons gedeel het.  (Stories volg)

Ek sien uit na al jul bydraes vir die Wawiel.

Geraldine

Redaktrise

**Uit die Voorsitter se pen**



Wapadranders

So het Desember gekom en gegaan. Daar was geen kampe in Desember nie. Ek glo en vertrou almal se feestyd was geseënd saam met sy familie en vriende.

Ons as gesin was weer by ons "Happy Place" in Mosselbaai. Ons was bevoorreg om al ons kinders saam met ons te hê.

Hoop almal kom veilig terug en sterkte vir 2025. Daar was in Januarie 2025 ook geen kamp nie. Ons Februariekamp by San Cha Len was 'n baie nat, maar gesellige naweek. Dit was lekker om gaste te kon hê; oud-Wapadranders, Wynandt en Linda Theron. Ons is ook bly om vir Johan & Caron Swanepoel te kan verwelkom as nuwe lede.

Dankie vir 'n heerlike kamp en ons hoop om by al die kampe in 2025/2026 agt of meer gesinne te kan wees.

Groete.

Reinardt

## SENIOR BURGERS

**Betekenis:**

**‘n Ouer of iemand met ‘n hoër posisie en meer ervaring as ander mense.**

“Senior burgers is ons storieskatkis. Hulle is ‘n land se geheue en gewete. Hul is ‘n geskenk aan ons samelewing wat dit selde waardig is.” Wendy Maartens



**Met ons Senior Burgers gaan dit goed. Hulle kamp gereeld saam en hul maak die grootste gedeelte van die kampbywoning uit.**

# JEUG

Met ons jeug gaan dit goed.  Ons het drie jeuglede gehad wat die naweek saam gekamp het.



Hulle was Elané Brönn en Logan & Liam Müller.  As gevolg van die reën het ons nie baie van die jongmannetjies gesien nie.  Hulle het wel lekker gespeel as dit nie gereën het nie.

Elané het ons getrakteer met haar saksofoon.  Dit is ‘n nuutjie vir haar aangesien sy slegs nou twee maande musiekonderrig kry.    Wel gedaan Elané!

.



## KWARTAAL SE KAMPE:

**FEBRUARIE 2025 - SAN CHA LEN**

**Die naweek by San Cha Len was heerlik al het dit die meeste van die tyd gereën, maar soos kampeerders betaam is ons nie bang om nat te reën nie.**

**San Cha Len se staanplekke is geplavei en die omgewing is mooi. Die plaveisel het baie gehelp met die nat weer. Die oord is ook besig om van die ablusieblokke te opgradeer.**

**Vrydagaand het die oord 'n Valentynsete aangebied en sommige van ons lede het die aand daar gaan eet.**

**Saterdagoggend is ons al vroeg wakker gemaak met die gekraai van hane.**

**Ons was 9 woonwaens waarvan een nuwe lid en 1 gas was.**

**Johan en Caron Swanepoel het nou aangesluit by ons en Wynandt en Linda Theron (ou lede) het weer saam gekamp.**

**As gevolg van die reën was daar nie veel aktiwiteite nie. Ons het maar geplak waar ons 'n gaatjie onder iemand se tent kon kry.**

**Saterdagaand het Janetta ons verras met 'n Waterblommetjiebredie, so reg uit die Boland uit en die liedjie van Anton Goosen het heeltyd in my kop gemaal.**

**Sondag het almal maar vroeg opgeslaan en na kerk en tee het ons vertrek. Die pad was bietjie modderig maar ek glo dat niemand se voertuig of karavaan vasgeval het nie.**

## FOTO'S VAN SAN SHA LEN



Wynandt en Linda Theron, ons gaste van die naweek.  Hulle is oud-lede wat die naweek weer saam gekuier het.




Hier ontvang Reinardt van Rensburg 'n massering van Geraldine Müller.



Nou wonder ek wat suig David Brönn?  Hier is hy saam met Stephanie Brönn en Linda Theron

**San Cha Len kampnaweek**



Stephanie Brönn,  Martin Rix en Lynette van Rensburg, Martin besig met sy foon om inligting aan ons deur te gee en Lynette en Stephanie besig met ‘n gesprek.



Hier kom die manne  (Gerrie van Aswegen, Martin Rix, Reinardt van Rensburg en David Brönn bymekaar om Janetta by te staan met die afslaan van die afdakkie,  nadat hulle al die water van die afdakkie eers moes afgooi.

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE SITRUSFEES—SOOS DEURGEGEE VANAF MARTIN RIX

Die sitrusfees is deur die organiseerdes gekanselleer!

Dieselfde naweek is die tradisionele Magaliesberg Monster Bergfiets-wedren. Ons het onderhandelinge met Buffelspoort voltooi en 63 staanplekke vasgemaak en R10k deposito betaal (die hele B-Blok) vir die Kampmal promosie (ons wag net vir die tarief) gelyklopend met die naweek @ die SAWA-tarief. Dus kamp jy òf Kampmal, Sondag 25 Mei in en Sondag 1 Junie uit teen die Kampmalterief (2 persone), of net die naweek, Vrydag 31 Mei in en Sondag 1 Junie uit teen die Sawatarief (6 persone). Vanaf Maandag 2 Junie is die B-blok gesluit, vir opknapping van die blok se ablusiekompleks.

Die saamtrek word herdoop as die BUFFELSPOORT KUIER-SAAMTREK, gelyklopend met die Magalies Monster Bergfiets-wedren. Inskrywings vir die fietswedren die oggend van die wedren, tariewe nog nie bekend.

Besprekingsvorms word vanaf Maart versprei sodra alle inligting bekend is.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN DIé VERWIKKELINGE

# V A K A N S I E T Y D ! ! ! ! ! !

Daleen en Chris Pienaar en hul gesin het in Hentiesbaai vakansie gehou.






Stephanie, David en Elané het in Swakopmund gaan kuier by hartsvriende.



Dawie & Bettie Mullins en hul gesin was by hul vakansiehuis in Kaap St Francis.



Foto van Danie en Eleanor du Plessis saam met hul gesin in Kaap St Francis tydens hul Desember vakansie.

Lynette en Reinardt van Rensburg het weer die langpad afgevat na Mosselbaai. Hulle het die 11de Desember in Santos gearriveer, nadat hul in Willowmore se Royal Hotel oorgeslaap het.  Dit was ook hul tiende keer in 'n ry dat hul by Santos gaan kamp het en soos altyd was dit 'n treffer en hoogtepunt om die ou jaar mee af te sluit.  Om met die sonsopkoms oor die see wakker te word, die konstante golwe te hoor wat teen die rotse slaan en goeie tye saam met hul familie en geliefdes te spandeer sal vir altyd ons gunsteling karavaanherinneringe bly.



Die langpad na Mosselbaai.



Mosselbaai see uitsig.



Reinardt & Lynette van Rensburg.



Reinardt & Lynette saam met hul gesin.



Tertia Rix saam met haar kleinkinders, Logan en Liam. Sy is besig om die hondjie se serp klaar te brei. Hul het die vakansie by hul huis in Jeffreysbaai deurgebring.

Seppie & Geraldine Müller het as deel van hul vakansie in Baberton deurgebring. Hulle het vriende se 2 honde gaan oppas, maar hulle kon hul eie hond Barry ook saamneem.





Hier lê/sit die honde rustig. Barry, Fudge en Orio. Nodeloos om te sê dit was nie elke dag rustig nie!

Om die tyd verder om te kry het die Müllers “puzzles” gebou.  Van die stukkies het op die vloer geval en Fudge het dit gesien as kos en dit begin kou.  Ons het ‘n paar stukkies verloor en van dié wat ons kon kry uit Fudge se bek,  kon ons darem nog gebruik.  Seppie het maar geplak waar hy kon.








# LIEF EN LEED

**LIEF**:

Micke Swanepoel (néé) van Rensburg het haar M-graad verwerf. Baie geluk Micke.

Baie geluk ook aan al ons skoliere/studente wat hul eksamens geslaag het.

**LEED**:

Lynette en Reinardt se ma Eunice van Zijl kry tans chemo en dit gaan elke dag beter met haar. Reinardt se suster Karen Sterley, se man Mike, kry ook weer chemo.

Tertia Rix is ook nie gesond nie en vertrou dat sy eersdaag weer haar ou self sal wees.

Ons dra jul in ons gebede op.




| | | |
|---|---|---|
| Februarie | 5 | Anandi van Rensburg |
| | 6 | Andy Toerien |
| | 8 | Elsa Wiese |
| | 11 | Annie de Villiers |
| | 11 | Nicola Rabie |
| | 23 | Daleen Pienaar |
| | 23 | Chrisjan Pienaar |
| | 26 | Betsie Theron |
| Maart | 1 | Chris Pienaar |
| | 3 | Christiaan Bezuidenhout |
| | 20 | Mieke Pienaar |
| April | 22 | Dawid de Villiers |
| | 24 | Hoepfner Wiese |
| | 26 | Dawie Mullins |
| | 29 | Caron Swanepoel |




***Eenkeer in 'n leeftyd ontmoet jy iemand spesiaal.***
***Iemand wat jou hart en siel aanraak.***
***Iemand saam wie jy kan lag en huil.***
***Iemand saam wie jy die res van jou lewe wil deur-bring.***
***Net eenkeer in 'n leeftyd ontmoet mens iemand …***

***… soos jy!***

| | | |
|---|---|---|
| Februarie | 12 | Seppie & Geraldine Müller |
| Maart | 8 | Hoepfner & Elsa Wiese |
| | 27 | Jos & Natashia Rabie |
| | 27 | Johan & Caron Swanepoel |
| April | 7 | Danie & Eleanor du Plessis |
| | 23 | Dawie & Bettie Mullins |

# DINK DIE REGTE DINGE

Soek die **vetgedrukte** woorde waarmee Filippense sê ons ons gedagtes moet vul. Soek ook die woorde DINK, GEDAGTES, NADINK en WONDER.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | R | A | I | S | E | X | P | C | T | A | I | O | N | P | T | H | I | N | K |
| E | M | B | R | C | W | O | R | T | H | T | E | T | H | G | S | A | R | N | T |
| T | I | S | A | D | R | T | I | K | N | H | T | R | V | O | T | C | F | R | P |
| N | L | R | K | H | T | N | W | E | X | C | E | L | E | N | F | I | N | A | N |
| A | B | I | S | O | O | P | E | S | E | R | Y | T | I | B | R | T | S | L | S |
| D | T | Y | P | A | O | R | Y | B | L | S | V | E | F | A | E | R | F | U | Y |
| M | N | M | S | O | B | N | U | T | F | I | M | T | A | E | W | T | G | T | H |
| I | Y | A | T | A | P | C | R | E | D | N | O | W | R | T | I | K | L | S | T |
| R | W | H | A | W | K | R | W | E | G | T | N | V | D | A | U | S | I | D | R |
| E | T | R | U | V | G | T | O | B | W | F | R | E | A | S | S | F | E | R | O |
| I | Z | S | P | T | X | R | N | A | D | I | N | K | O | N | S | N | L | W | K |
| B | G | L | V | E | I | N | U | Y | R | S | U | F | P | R | O | F | T | B | N |
| O | Y | E | N | P | E | T | A | I | T | O | G | S | R | U | A | E | N | I | I |
| X | C | P | D | T | Z | X | Q | D | A | P | T | B | K | R | G | H | T | W | D |
| T | S | V | N | A | I | A | K | W | M | Y | L | E | V | I | L | P | U | I | A |
| W | R | I | E | D | G | O | P | A | U | S | R | T | L | A | L | T | E | R | R |
| U | A | T | R | A | M | T | F | A | E | M | C | N | I | D | A | F | P | H | P |
| D | I | N | C | W | H | L | E | R | T | A | B | O | D | N | E | U | E | R | D |
| G | N | R | P | M | C | G | D | S | W | N | K | I | U | L | B | V | A | I | E |
| Y | U | S | E | L | F | E | G | I | D | R | A | A | W | F | O | L | T | O | L |

*Vul julle gedagtes met alles wat* ***waar, eerbaar, skoon, suiwer, lieflik*** *en* ***lofwaardig*** *is. En leef volgens alles wat julle van my geleer, oorgeneem, gehoor en gesien het. Dan sal die God wat vrede gee, by julle wees.* FILIPPENSE 4:8-9

(Bydrae: Lynette van Rensburg )

# RESEPTE

## TAMATIE & UIESMOOR—GEBOTTEL

4 kg ontvelde tamaties
1 kg uie gesny in groterige stukkies

Was die tamaties, plaas in kookwater, ontvel en sny of kap in kwarte en plaas in vergiettes oor die kastrol waarin jy die smoor gaan kook. Dreineer baie goed. Kook nou die uie in die tamatiewater tot driekwart sag. Skep so ¾ koppie van die sous uit 'n koppie en hou eenkant om koud te word.
Voeg tamaties by, asook die volgende bestanddele wat saam gemeng word met die asyn:

45ml (3 Eetlepels) droë mosterdpoeier.
30ml (2 Eetlepels) borrie.
15ml (1 Eetlepel) kerriepoeier.
45ml (3 Eetlepels) sout.
750ml (3 koppies) wit suiker.
500ml (2 koppies) wit asyn.

Roer tot suiker oplos. Bring weer tot kookpunt en kook vir 15-20 minute tot tamaties net gaar is.

75ml tot 150ml maizena (mielieblom) - volgens dikte van sous soos verlang.

Roer nou die hoeveelheid maizena, aangemaak met van die afgekoelde sous, volgens die dikte van die sous wat verlang word, vinnig by. Sekere tamaties is wateriger as ander, die hoeveelheid maizena wat gebruik word, bepaal die dikte van die sous wat verlang word. Bring weer tot kookpunt en kook vir 'n verdere 5 min. Skep warm in vooraf gesteriliseerde bottels en skroef goed toe. Laat staan tot koud en bêre in kas. Wanneer in gebruik bêre dan in yskas

# SAWA Wapadrand Jaarprogram 2025

| 2025 Kampnaweke | | | | | | 2025 Kampplekke | Plek-ke | Bestuurslid/ Kampkoör-dineerder | Rigting | Kamptariewe | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | | | | | | |
| Februarie | 31/1-2/2 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | | San Cha Len | | | | | |
| Maart | 28/2-2/3 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Hartbeeshoek | | | | | |
| April | 4-6 | 11-13 | 17-21 | 25-27 | | Presidente ( Streek-skamp) | | | | | Paasnaweek |
| Mei | 1-4 | 9-11 | 16-18 | 23-25 | 30/5-1/6 | Buffelspoort, Kuier Kamp | | | | | |
| Junie | 6-8 | 13-16 | 20-22 | 27-29 | | Kaalvoet Koppies | | | Noord | | Gebiedskamp |
| Julie | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 25-27 | | Weesgerus, Gebiedskamp (Streekskamp)(25 –27 Bosveld kamp) | | | Noord-wes | | 25-27 Julie; Bosveld kamp |
| Augus-tus | 1-3 | 8-10 | 15-17 | 22-24 | 29-31 | Bass Lake - AJV | | | | | |
| Septem-ber | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | Bush Inn, Nasionaal & 100+ (Streekskamp) | | | | | |
| Oktober | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | Sionsberg - Kuierkamp (Streekskamp) | | | | | Saamkuierkamp |
| November | 31/10-3/11 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Drie Berge | | | | | |
| Desember | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | | | | | | |